

21 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13 (Nuwe Vertaling)

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:10, 11

God se geheim

In die oorspronklike teks word daar in hierdie gedeelte op 'n paar plekke verwys na die openbaring van God. In die nuwe vertaling is dit vertaal met "die geheimenis van God" wat bekend gemaak word aan die mensdom.

Vraag is: Wat is hierdie geheim wat openbaar gemaak word? Die antwoord lê in die fokusverse. Die eeue-oue geheimenis van God het bekend geword deur Christus. Kyk ons terug na die Ou Testament, dan tref ons, wat ons noem, die skadu-godsdiens aan, want die ware lig het nog nie deurgebreek nie. Sou die ware Lig ooit deurbreek? Ja tog, die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, is nou geopenbaar. Die inhoud daarvan is Jesus Christus!

Die (al-)wysheid van God se raad straal uiteindelik in sy volle glorie: Jesus Christus. God het vooruit beloof dat Een sal kom om die kop van die slang te vermorsel. Die moederbelofte van Genesis ontplooi stelselmatig tot in sy volle glorie met die geboorte van die Messias.

Hoe wonderlik is dit nie om te kan berus in die wysheid van God nie. Hy het dit vooruit bestem dat Jesus Christus die vergestaltung van sy wysheid sal wees, daarin lê ons redding en uiteindelik die hoop op lewe. Daarom: In ons verbondenheid met Hom (Jesus Christus) kan ons met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan, maak nie saak wie jy is nie, maak nie saak wat jou probleme en bekommernis en worsteling is nie. Christus is vir ons die waarborg dat God ons in genade aansien en ons genadiglik wil versorg! Daarom lewe ons, daarom lewe die kerk!

God het in sy alwysheid dit bestem dat Christus die weg tot (ewige) lewe is. Ons het die vaste versekering dat God hierdie aardse lewe van ons in sy hande vashou, al verstaan ons nie altyd die wye draaie daarvan nie. Uiteindelik kan ons berus in die wete dat Hy in sy alwysheid met ons oppad is na 'n ewige lewe!

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr SP van der Walt (Benoni-Noord)